

19 November

Skrifgedeelte: Filippense 2:1, 12-18
Fokusgedeelte: Filippense 2:12 (OAV)

Ligdraers

Om 'n ligdraer te wees, kan só maklik verkeerd verstaan word. Ek kan só maklik dink dat dit my deel is wat ek vir my verlossing moet bydra. Veral as ons ook in vers 12 (OAV) lees: *“Werk julle eie heil (verlossing) uit met vrees en bewing.”*

Paulus het hierdie woorde geskryf aan mense wat reeds verlos was. In 2:1 gaan hy van die uitgangspunt uit dat die verlossing in Christus iets is wat sy eerste lesers reeds ontvang het. As Paulus dus skryf dat die gelowiges in Filippi hulle *“eie heil”* moet uitwerk, hou dit die gedagte in dat hulle die verlossing van Christus na alle fasette van hulle lewens moet laat oorspoel. Deur die krag van die Gees wat hulle *“gewillig en bekwaam maak”*, kan hulle nie anders nie as om in gehoorsaamheid aan God te lewe.

Ligdraers is mense in wie se harte God 'n gesindheid van gehoorsaamheid gewek het. Hierdie gesindheid is nie maar net vir 'n paar supergelowiges beskore nie. Elke kind van God wat besef hoeveel God hom reeds in Christus geskenk het, sal met *“vrees en bewing”* hom daarop toelê om aan God gehoorsaam te wees.

Nêrens word hierdie kragtige werking van God in ons so ...

- ... onder VERDENKING gebring as wanneer gelowiges net soos die goddelose wêreld leef asof God nie bestaan nie. So 'n Christenskap strek nie tot eer van God nie en dit bied ook geen hoop en troos vir hierdie wêreld nie;
- ... UITGELIG as wanneer ons te midde van ontaarde en korrupte mense soos verlore kinders van God lewe nie. Hoe meer my gehoorsaamheid aan God vreugde in my lewe bewerk, hoe meer word my lewe 'n helder ligbaken van hoop vir 'n donker en stukkende wêreld.

Sing: Psalm 66:6, 7

Ds. HJ Stoltz (Bloemfontein-Suidheuwels)